

## Die invloed van materialisme



### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

*1 Johannes 2:16, 17; Lukas 14:26–33; 12:15–21; Deuteronomium 8:10–14; 1 Timóteüs 6:10; Johannes 15:5; Galásiërs 2:20.*

#### Geheueteks:

“En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwung van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is”(Romeine 12:2).

**D**ie Woord van God vermaan Sy volgelinge om “nie aan hierdie wêreld gelykvormig [te word] nie” (Rom. 12:2), maar die aantreklikheid van materialisme, die buitensporige begeerte vir rykdom en vir wat ons dink dit vir ons kan bring, is magtig. Baie min mense, ryk of arm, is buite die bereik van materialism, en dit sluit Christene ook in. Daar is niks verkeerd met ryk wees nie, of selfs om hard te werk om in staat te wees om genoeg vir jouself en jou geliefdes te voorsien nie. Maar wanneer geld, of die najaging daarvan alles beheer, het die duivel ons in sy strik gevang en het ons inderdaad “aan die wêreld gelykvormig” geword.

Die wêreld bevorder die gedagte dat ‘n goeie lewe, ‘n oorvloedige lewe, net in geld gevind kan word. Maar geld is net een van die maskers waaragter Satan wegkruip om te verseker dat ons sy onderdane bly. Materialisme is een van Satan se beste wapens teen Christene. Per slot van rekening, wie hou nie van geld en wat geld vir ons hier en nou kan doen nie? Geld se grootste sukses is kitsbevrediging, maar op die ou einde kan dit nie ons diepste behoeftes bevredig nie.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 6 Januarie.*

## Die god van hierdie wêreld

Geld het die god van hierdie wêreld geword, en materialisme is sy godsdiens. Materialisme is 'n vervalste en sluwe sisteem wat net tydelike sekuriteit bied, maar wat uiteindelik onveilig is. Materialisme, soos hier gedefineer, is wanneer die begeerte vir rykdom en besittings meer belangrik en meer waardevol as geestelike werklikhede word. Besittings mag dalk waarde hê, maar hulle waarde mag ons nie besit nie: “Hy wat geld liefhet, kry nie genoeg van geld nie, en wie rykdom liefhet, nie van inkomste nie; ...” (*Prediker 5:10*). Dit gebeur wanneer die dinge van die wêreld begeer word: maak nie saak hoeveel ons kry nie, dis nooit genoeg nie; ons werk harder en nog harder vir meer en meer vir wat ons nooit ten volle kan bevredig nie. Praat van om in 'n strik vasgevang te wees!

**Lees I Johannes 2:16, 17. Wat is werklik belangrik volgens hierdie teksvers?**

---

---

**Lees Lukas 14:26–33. Wat vertel Jesus hier wat vir die Christen van uiterste belang is?**

---

Dalk kan dit so gestel word: hulle vir wie geld of die begeerte daarna 'n verterende werklikheid geword het, moet beslis die koste bereken. “Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?” (*Markus 8:36*) “Toe Christus na die aarde toe gekom het, het dit geskyn asof die mensdom snel sy laagste vlak bereik het. Tot die fundamente van die samelewing was ondermyn. Die lewe het vals en kunsmatig geword . . . Dwarsdeur die wêreld was alle godsdienstige stelsels hulle houvas op verstand en siel aan die verloor. Met 'n walging vir fabel en valsheid wat probeer het om denke te onderdruk, het mense hulle tot ongeloof en materialisme gewend. Hulle het die ewigheid buite rekening gelaat en net vir die oomblik geleef.” — Ellen G. White, *Opvoeding*, bl. 74-75. Mense wat hulle tot ongeloof en materialisme wend en net vir die huidige lewe? Klink dit bekend?

**Wie hou nie daarvan om dinge te besit nie? Die vraag is: Hoe kan ons weet of die dinge wat ons besit, selfs al is dit nie baie nie, nie ook ons besit nie? Aan wie alleen moet ons behoort, en hoe kan ons seker daarvan wees dat Hy ons besit?**

---

---

## Om die skure vol te maak

**Lees** Lukas 12:15–21. Watter boodskap is daar hier vir ons? Hoe sou die beginsel wat hier van toepassing is selfs betrekking hê op iemand wat nie noodwendig ryk is nie?

---

---

Of ons ryk of arm is, ons begeerte om aardse dinge te besit kan ons op dit wat tydelik en verbygaande is, laat fokus, en dit is definitief nie werd om die ewige lewe daarvoor mis te loop nie. Ons sal heelwaarskynlik nooit in vandag se dae voor 'n beeld van goud of silwer buig en dit aanbid nie. Nieteenstaande kan ons gevaar loop om goud en silwer in 'n ander vorm te aanbid.

Hierdie gelykenis is so van toepassing op baie plekke in die wêreld waar die lewensdoel uitsluitlik daarop gemik is om aardse besittings te bekom. Handelaars het die verkoop van hulle produkte op groot skaal in 'n kunsvorm omskep. Hulle hele bemarkingstrategie is daarop gemik om ons te laat dink dat ons nie geluk kan smaak of tevredenheid kan geniet totdat ons besit wat hulle te koop aanbied nie. Een so 'n maatskappy het 'n produk ontwikkel en so bemark dat ons gedink het ons het dit nodig, en toe koop ons dit. Die waarheid is: hulle taktiek het gewerk! Selfs Christene wie se hoop nie op hierdie wêreld gevestig is nie, word nie teen misleiding gevrywaar nie.

**Lees** Deuteronomium 8:10–14. Op watter maniere kan enige kerklid gevaar loop om deur hierdie bedreiging oorval te word?

---

---

---

---

Aan watter voorbeelde kan jy in die Bybel of in die wêreld vandag dink waar die verkryging van rykdom en aardse besittings 'n persoon se geestelikeid, liefde vir God en begeerte na hemelse en geestelike dinge, laat groei het? Deel jou antwoord met die klas.

## Die aanloklikheid van materialisme

Die advertensiewêreld het baie mag. Maatskappye spandeer biljoene om hulle produkte in die vorm van beelde aan ons tentoon te stel. Die meeste van die tyd gebruik hulle mooi en aantreklike mense om dit wat hulle wil verkoop, aan te beveel. Ons kyk na die advertensie en sien onself, nie net met die produk in die hand nie, maar as die mense in die advertensie. Materialisme sou nie naasteby so effektief gewees het as dit nie was vir die subtile (en somtyds nie-so-subtile) sensualiteit wat in die advertensies ingewef was nie. Dit is die advertensiewese se magtigste tegniek, maar dit is giftig vir Christene wat worstel teen die gevare van materialisme, en dit sluit die meeste van ons in.

**Lees** Mattéüs 6:22–24. **Wat stel die oog hier, volgens Christelike denke en optrede, voor? Hoe behoort ons as Christene te reageer teenoor die subtile voorstellings wat ons verlei om dinge te bekom wat ons nie regtig nodig het nie?**

---

---

---

Advertensies wat sensualisme aan handelaars se produkte koppel, kan 'n kragtige werktuig word. Handelaars verkoop hulle handelsware deur die denke van verbruikers opgewonde te maak. Hierdie ondervinding is pure fantasie, maar dit werk. Dit grens aan die mistieke en neem mense, hoe vlugtig ook al, na wat as 'n ander bestaansryk voorkom. Dit word 'n valse godsdiens wat geen kennis en geen geestelike waarheid bied nie, maar op daardie oomblik so aantreklik en aanloklik lyk dat baie mense dit nie kan weerstaan nie. Ons wil dit hê en ons voel dat ons dit verdien, en waarom kan ons dit dan nie koop nie? God alleen weet van die ontsaglike bedrae wat al gespandeer was en wat nog steeds bestee sal word op dinge waarvan die adverteerders ons probeer oortuig dat ons dit nodig het.

**“Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;” (Galásiërs 5:16) Alhoewel ons geneig is om die “begeerlikheid van die vlees” net aan seksuele begeertes te koppel, op watter ander maniere loop ons gevaar om die begeerlikheid van die vlees te vervul?**

---

---

## Liefde vir self

**“Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie van homself meer moet dink as wat ‘n mens behoort te dink nie; maar dat hy daaraan moet dink om besadig te wees na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het.” (Romeine 12:3)**

God het deur Eségiël gesê, “ ‘Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans’ ” (Eségiël 28:17). Lucifer het homself bedrieg deur te dink dat hy meer belangrik was as wat hy werklik was. Toe hy in sy hart gesê het, “ ‘Ek wil ... my gelykstel met die Allerhoogste!’ ” (Jesaja 14:14), het hy eersug getoon en regte vir homself toegeëien wat hom nie toegekome het nie. Selfmisleiding en eersug was twee karaktertrekke van Lucifer se gevalle hart. Hierdie twee tekverse oor die val van Lucifer behoort aan ons te toon dat, in baie opsigte, die oorspronklike sonde narcisme was wat deur die woordeboek gedefinieer word as “ ‘n sieklike liefde vir jouself; eieliefde.” Watter karaktertrekke in enige gevalle wese dui groter selfmisleiding aan as wat ons hier sien? Tog is hierdie karaktertrekke meer algemeen as wat ons mag dink. Nebukadnésar was so arrogant dat hy gedink het hy was meer belangrik as wat hy was (Daniël 4:30). Die Fariseër in die gelykenis van die Fariseër en die Tollenaar het ook naderhand hierdie verleidelike fantasie geglo (sien Lukas 18:11, 12). Rykdom kan ook so misleidend word indien ons nie versigtig is nie.

### **Lees I Timótheüs 6:10. Teen watter gevaar waarsku Paulus ons hier?**

---

---

Paulus waarsku Timóteüs teen baie tipes slegte mense (II Timóteüs 3:1–5) wat “geldgieriges” insluit. Hierdie liefde vir geld kan ‘n oorontwikkelde selfvertroue en ‘n arrogante gesindheid van self-absorpsie en verwaandheid tot gevolg hê. Dit is omdat materialisme mense wat baie besittings het ‘n opgeblase gesindheid van belangrikheid laat ontwikkel. Dit is maklik vir mense wat baie geld het om te veel van hulleself te dink. Per slot van rekening, almal wil ryk wees, maar net ‘n paar slaag daarin om ryk te word. Daarom is dit maklik vir die rykes om selfgerig, trots en grootpraterig te word.

**Lees Filippense 2:3. Hoe help hierdie vers ons om te verstaan waarom materialisme en die verkeerde gesindhede wat dit kan bevorder, so ‘n teenstelling met die Christelike ideaal is?**

---

## Die totale nutteloosheid van materialisme

Daar is baie mense wat God liefhet. Hulle identiteit is so met Sy weg saamgesmelt dat materiële besittings dit nie kan loswikkel nie.

**Lees Deuteronomium 7:6, I Petrus 2:9, Johannes 15:5, en Galasiërs 2:20. Wat beteken dit om God se besitting te wees, en waar vind ons ons ware identiteit?**

---

---

---

Jesus praat namens God waar Hy sê: “‘Ek is die ware wynstok, julle die lote ... want sonder My kan julle niks doen nie’” (*Johannes 15:5*). Die verbinding is direk en seker. “Alle ware opregtheid kom uit die hart. Christus se werke het uit Sy hart gekom. En as ons instem, sal Hy Hom so met ons gedagtes en strewe vereenselwig, ons hart en gees so met Sy wil laat saamsmelt, dat ons, as ons Hom gehoorsaam, maar net ons eie impulse sal uitvoer.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 564.

Aan die ander kant bied materialisme ons ‘n identiteit wat sinoniem is met ons besittings. Met ander woorde, ons definieer onself op grond van wat ons besit en watter aardse middele ons kan koop. Jakobus waarsku ons daarteen: “Julle goud en silwer is verroes, en hulle roes sal tot ‘n getuienis teen julle wees en sal soos ‘n vuur julle vlees verteer” (*Jakobus 5:3*). “Om op te gaar” beteken om baie skatte bymekaar te maak en weg te bêre; wat meer belangrik is, dit is in daardie skatte, min of baie, wat baie hulle identiteit vind (*Lukas 12:19–21*).

Materialisme is ‘n vorm van identiteitsverwarring. Dit beteken dat vir baie van ons ons identiteit met ons besittings deurmekaar raak. Ons besittings word ons God (*Mattéüs 6:19–21*). Soos een persoon gesê het, “Ek is niks sonder my besittings nie.” Hoe hartseer is dit nie dat ons onself net kan identifiseer deur wat ons ook al besit wat aardse dinge betref. Watter leë, vlugtige en uiters nuttelose manier om jou lewe te leef, veral as jy sê dat jy ‘n Christen is. Identifiseer ons met God of met ons besittings? Uiteindelik sal dit net die een of die ander wees.

**Hoeveel van jou identiteit is verbind met die dinge wat jy besit?**

---

**Vir verdere studie:** “Die vyand betaal baie min vir ‘n siel vandag. Die Bybel stel dit as “... vir niks is julle verkoop”. Een persoon verkoop sy siel vir die wêreld se applous, ‘n ander een vir geld; party om hulle laagste drifte te bevredig, en ‘n ander vir wêreldse vermaak. Sulke winskopies word daaglik verkry. Satan bie op die bloed van Christus en kry die bod niesteendaande die kosbare losprys wat vir hulle siele betaal was.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 5, bl. 133, (vrye vertaling).

Satan se doel is om deur materialisme siele te koop, en sy valse strikke lok elke hart. Materialisme kan nie praat nie, maar tog ken dit elke taal. Dit weet hoe om plesier en bevrediging aan beide ryk en arm te verskaf en hulle te laat sê: “Ek het alles wat ek nodig het; waarom moet ek oor enigiets anders bekommer?” En so verlei materialisme die verstand; dit veroorsaak dat mense op hulle besittings vertrou in plaas van op God. Hoe dit ook sy, die teenmiddel is “‘nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees,’ sê die HERE van die leërskaer” (*Sag. 4:6*). Materialisme kan nie die beheer van die Heilige Gees teenstaan wanneer ons onself aan God oorgee en deur Sy genade begeester word om nie toe te laat dat materialisme ons lewens beheer nie.

## Vrae vir bespreking:

- 1. Op watter maniere kan ons, al is ons arm of sonder aardse middele, meegesleur word deur die gevare waarna ons hierdie week gekyk het?**
- 2. Party mense sê: “Ek gee nie om vir geld nie. Geld beteken vir my niks nie.” (Dikwels het diegene wat dit sê, baie geld.) Waarom, in die meeste gevalle, is dit doodeenvoudig nie waar nie? Geld is belangrik; dit speel ‘n rol in ons lewe. Die vraag is: Hoe kan ons geld en die behoefte aan geld in die regte Bybelse perspektief hou?**
- 3. “Moenie vir julle skatte bymeekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees” (*Mattéüs 6:19–21*). Lees versigtig wat Jesus hier vir ons sê. Hoe kan dit wat Hy vir ons sê kragtig gebruik word om ons teen die gevare van materialisme te beskerm?**